OORGAWE OF PRYSGAWE: 'N MOEILIKE OPDRAG?

Ds Pieter van der Walt
Potch-Oos: Des 2020

Lees: **Romeine 12**

Teks: **Romeine 12:1,2 (en 6:13)**

Om **<u>oor te gee</u>** is nooit maklik nie.

Volgens die skema van hierdie wêreld is jy ‘n verloorder wanneer jy oorgee en niemand hou daarvan om ‘n verloorder te wees nie, om oor te gee nie.

Dink vir ‘n oomblik aan baie oorloë wat in die geskiedenis van die wêreld gevoer is, en altyd was daar ‘n verloorder wat moes oorgee.

> So moes Duitsland (Adolf Hitler) uiteindelik die knie buig, voor die Geallieerde magte tydens die tweede wêreldoorlog en is hulle tot oorgawe gedwing.
>
> En so is die vrede van Vereeniging steeds diep in ons eie volksgeheue ingegraveer met die ondertekening van die vredesooreenkoms wat in ons eie land diep wonde gelaat het.

Oorgawe is prysgawe van dit wat kosbaar is, van dit wat oor jare opgebou is.

Oorgawe, in militêre konteks gesien, is vernederend en bitter moeilik om te verwerk.

Dit is so: ons hou nie daarvan om te verloor nie, selfs om ‘n argument te verloor nie. Ons, en die wêreld waarin ons lewe, is daarop ingestel om wenners te wees.

Ons teks bring ons by die kernbestanddeel, die wesentlike van ons godsdiens.

> “Gee julleself aan God (oor) as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is…”
>
> Gee jouself aan God oor!

Dit gaan dus duidelik om selfprysgawe, om oorgawe aan God, en dan voeg Paulus by: “Dit is **die wesentlike van julle godsdiens** wat julle moet beoefen”.

Maak jou leeg van jouself env ul jou lewe met God! Hy moet meer word en ek minder (Joh 3:30).

Ons hoor in ons teks **twee opdragte** (1953-vertaling praat van vermaninge):

1. Die **positiewe eis** (vermaning): Gee julleself aan God as lewende en heilige offers, en…

2. Die **negatiewe eis:** Pasop vir die sondige skema van hierdie wêreld.

Net eers ‘n bietjie agtergrond:

> Paulus skrywe die Romeinebrief aan die christene in Rome en uit die brief is dit duidelik dat hy baie van hulle geken het. Ons weet ook dat hy hulle baie graag wou besoek het.
>
> Daar het nog nie ‘n gemeente bestaan nie, maar meeste van die gelowiges wat daar was het hulle waarskynlik uit ander dele van die Romeinse Ryk daar gaan vestig. Hulle het waarskynlik as huisgemeentes gefunksioneer.
>
> Dus: ‘n klein groepie gelowiges in ‘n groot wêreldstad, die hoofsetel van die Romeinse Ryk en die Romeinse keiser.
>
> Die Romeinebrief kan in **twee dele** verdeel word:
>
> **Eerste deel:**
>
> Dit handel oor die grootheid van God se genade.

Dat God sondaars geroep en hulle verlos het en in die regte verhouding met Jesus Christus geplaas.

Hy beklemtoon dat ‘n mens aan hierdie regte verhouding met God alleen deel kan kry deur ‘n ware geloof en NIE deur wetsonderhouding nie of ander menslike prestasies nie.

Romeine 1-11 gaan oor die “dat”:

- Dat ‘n mens in Christus vry is, vry van die sonde, vry van wetsonderhouding, vry van die sondige natuur end at jy in Christus ‘n nuwe mens is.

En dan volg die tweede deel van Romeine van hoofstuk 12 af.

Tweede deel:

Dit gaan oor die “wat”.

Wat moet ‘n christen doen? Dit gaan dus oor die praktyk.

En dan sê Paulus:

> “Gee julleself (oor) aan God…”
> Gee jouself prys!

Dit is die positiewe eis!

En dan voeg Paulus by: “Dit is die wesentlike van julle godsdiens wat julle moet beoefen”.

Doen dit (gee julleself aan God…), “kragtens **die groot ontferming van God”**

Hy vermaan hulle; hy doen ‘n beroep op die gelowiges in Rome: “…op grond van **die groot ontferming van God.**

God se **groot ontferming** is, dat julle in Christus vrygespreek is van al julle sondes; dat God sy Seun gegee het om in ons plek die bitter dood van die kruis te sterwe en so die gerig wat op ons moes kom op Hom geneem het.

Dit dui op die onbeskryflike groot liefde van God aan sondaars!

Julle, sondaars voor God, is herstel as kinders van God! Julle as gelowiges in Rome moet hierdie magtige wonder nie miskyk nie!

Vraag is:

Wat is jou antwoord hierop, op hierdie **groot ontferming** van God?

Hoe antwoord jy op God se **ontferminge** (let wel: die **meervoud** in die Grieks) in jou lewe?

Gee jouself aan God as ‘n offer van dankbaarheid! (as ‘n lewende en heilige offer wat vir Hom aanneemlik is)

Maak jou leeg van jouself,
van jou **eie belange,**
van **jou voorkeure** en vul jou lewe met God;

maak jouself **diensbaar aan God!**
Gee jouself aan God!

Sien jy al die **pylpunte wat wegwys** van jouself af, weg van hierdie aardse dinge, op na Bo!

Anders as die **offergebruike van die Ou Testament** waar ‘n lam wat doodgemaak geoffer is, moet die christen **homself aan God offer** as ‘n lewende offer. God vra **‘n dankbare hart** saam met die offerande.

Dit is ware godsdiens (die wesenlike godsdiens…) **om jouself volledig aan God te gee.**

Dit is sterk woorde (vermaning) in Paulus se brief aan die christene in Rome.

Rome was beskou as **die hart van die heidendom**, **die setel** van die Romeinse keiser. Om ‘n christen in Rome te wees was voorwaar nie maklik nie.

Dit bring ons by die **negatiewe eis:**

Gee jouself aan God en **moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie.** Die geleenthede hiervoor was sekerlik legio in Rome!

Wees anders as die wêreld; wees anders as die heidene in Rome.

In die Grieks word ‘n woord gebruik wat **“skema”** beteken:

Moenie een word met **die skema** van hierdie wêreld nie.

Moenie een word met die **sondige skema,** wat die lewe van hierdie wêreld en hierdie stad bied nie. maar **lewe anders, soos verlostes** van Jesus Christus, wees gehoorsaam aan **God se skema.**

Soos kinders van Jesus Christus!

Laat julle lig as christene helder skyn in ‘n donker wêreld..

> Wie gelykvormig is aan hierdie wêreld, lewe by die dinge wat vir die onbekeerde mens belangrik is

Vir ‘n gelowige in Rome was die stryd fel. Dit was nie maklik om daar jou lig helder te laat skyn nie

Daarom moet die gelowige, veral in Rome, ‘n **gedaanteverwisseling ondergaan.** In Rom 12:2 staan: “…maar **word verander** deur die vernuwing van julle gemoed sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is” (1953-vert).

“…maar **word verander…”.** Dit is korrek vertaal (in die 1953 vertaling), die **passiewe vorm.**

Word verander …, nie deur julleself nie, maar **deur die Heilige Gees.** Stel jouself tot beskikking van God sodat Hy sy veranderingswerk in jou kan verrig.

Hierdie **“word verander”,** word in die Grieks vertaal met die bekende Afrikaanse woord: **metamorfose** (metamorfousthe).

Kom ons stel dit anders:

> Die gelowige moet hulle deur die Heilige Gees sodanig **laat verander** dat hulle hulle werklik aan God as ‘n welgevallige offer kan toewy.
>
> God alleen moet al die eer kry, en niemand anders nie.
>
> Die Griekse konstruksie sê dat dit ‘n **voortdurende verandering** (bekering) moet wees, ‘n verandering wat nooit ophou nie maar jou hele lewe duur.
>
> **Hierdie verandering van ons denke** (sê ons teks), hierdie **metamorfose** van ons denke, beteken om **afstand te doen** van die sondige wêreldse skema en jouself **aan God te gee** as ‘n offer van dankbaarheid.

Hierdie vernuwing in julle lewe, kan net **deur die Heilige Gees** gedoen word.

Die Heilige Gees maak hierdie omwenteling in jou lewe moontlik!

Gaan en leef dit uit! Leef die nuwe lewe! Bring dit in praktyk!

Raak aktief, raak betrokke, gee jouself aan God …

Raak ontslae van die **ewige verskonings, die eie-ek, die eie-belange** wat jy altyd voorhou wanneer jy iets vir die die Here en sy kerk moet doen of om die evangelie na buite uit te dra.

Kyk ‘n slag mooi na jou lewe:

Waarmee hou jy jouself besig?
Wat kry voorkeur?
Wat is jou prioriteite?

Gee jy jouself aan God?
Is dit vir jou moeilik om jouself prys te gee en oor te gee aan God?

Is dit vir jou te veel gevra om jou leeg te maak van jouself, en te vul met God?

Weeg die gejaag na die dinge van hierdie wêreld (geld en aardse beleggings) (skema van hierdie wêreld) nie veel swaarder as om jouself in diens van God te stel nie?

Jou verknogtheid aan hierdie wêreld!

Die apostel Paulus se oomblik van oorgawe was, sy bekering oppad na Damaskus, die stem wat vir hom gesê het: Saul, Saul, waarom vervolg jy my?

Deur jouself vir God te gee, aan God oor te gee, maak jou die rykste mens op aarde.

Nee, jy is nie ‘n verloorder as jy jou aan God oorgee nie. Dan is jy juis ‘n wenner! Dit is nie moeilik nie, ook nie ‘n vernedering nie.

Dit is die beste ding wat jy kan doen!

Paulus gee in hierdie selfde hoofstuk (vanaf vers 9), **die antwoorde,** die praktiese riglyne van hoe ‘n christen moet lewe, hoe die gelowiges in Rome moet lewe, hoe ons moet lewe **en dan begin hy met die liefde.**

Liefde is ‘n gawe van die Heilige Gees.

Ons liefde moet ‘n afskaduwing wees van God se liefde aan ons.

Ons hele lewe sou nutteloos wees, leeg wees, sonder liefde.

Betoon dit aan ander (teenoor mekaar).

Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar (12:9).

Liefde verander jou lewe, jou persoonlikheid.

Dit maak jou ywerig, hulpvaardig.

Dit laat ou uitreik na mense in nood.

Dit laat jou wegkyk van jouself en maak van jou ‘n instrument in die hand van die Here om ander te help.

Dit maak van jou ‘n mooi mens!

Jy is bly saam met die wat bly is, jy treur saam met die wat treur (15).

Hoor net hoe ryg Paulus die gevolge van liefde die een na die ander uit:

Help die medegelowiges in nood en lê julle toe op gasvryheid. (12)

As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet;

As hy dors is, gee hom iets om te drink…(20)

Die betoning van christelike liefde maak van jou **‘n brandende vlam van liefde** in ‘n liefdelose wêreld.

Die betoning van liefde teenoor ander, is jou antwoord op die groot ontferming van God in jou lewe.

Ons lewe in ‘n tyd van geweldige armoede en werkloosheid wat die hoogte inskiet; van duisende mense wat nie kos het nie.

Gee jouself aan God, stel jouself beskikbaar, om as offer van dankbaarheid in liefde **uit te reik na ander** wat in hierdie tye van Covid 19 bitter swaar getref is, selfs alles verloor het, ook geliefdes aan die dood moes afstaan.

Gee jouself…!

Geliefde, bo alles: **dink aan God wat sy Seun gegee het** om vir ons sonde te sterf en so ons vervloeking op Hom te neem… In sy Seun het Hy homself gegee. In Hom het God alles gegee! Wat ‘n offer was dit nie!

Dink aan Jesus Christus wat **die hemelse heerlikheid verruil het** om ‘n slaaf te word, verneder te word, in die gesig geslaan te word en uiteindelik die bittere kruisdood op Golgota gesterf het…

Wat Homself leeggemaak het, prysgegee het, oorgegee het, ter wille van ons, sodat ons verlos kon word en herstel kon word as kinders van Hom.

Wat in Getsemane gebid het: "Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van my af weg. Laat nogtens nie my wil nie maar U wil geskied!" (Luk 22:42).

Dan besef ons waarom Paulus praat van **die groot ontferminge van God** (meervoud). Dit is **te veel om op te noem, te groot en te diep om in woorde te beskrywe.**

My vraag aan jou is: Wat is jou antwoord hierop?

En dan klink die antwoord helder en duidelik op:

> "Gee jouself aan God as 'n lewende en heilige offer wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens".
>
> Om jouself te gee!
>
> Paulus sê in Filippense 3:8: "Ter wille van Jesus Christus het ek alles prysgegee…"
>
> Oorgawe aan God (prysgawe ter wille van God), is nie die beste manier van lewe nie. Dit is die enigste.

Doen dit van harte!

Amen.